**9 April** **Skrifgedeelte: Psalm 66**
**Fokusgedeelte: Psalm 66:2; Jesaja 42:8**
**HK, Vraag 99**

## Jy moet die Here jou God en sy Naam eer!

Die derde gebod gaan oor God se eer. Aan Hóm moet eerbied en respek betoon word.

God se eer word aangetas wanneer sy Naam nie reg gebruik word nie. Voorbeelde hiervan is: wanneer mense Hom doelbewus vloek of laster of van Hom ’n bespotting maak, wanneer sy Naam met verkeerde motiewe gebruik word (byvoorbeeld om ’n valse eed af te lê of vir eie persoonlike voordeel), wanneer onnodig gesweer word, wanneer sy Naam onnadenkend of ydellik gebruik word (byvoorbeeld as ’n stopwoord of uitroep), wanneer jy stilbly as ander die Naam van die Here laster of misbruik en wanneer sy Naam totaal verswyg word of gemaak word asof Hy nie bestaan nie.

Dit is nie net die dinge wat jy sê waardeur God se eer aangetas kan word nie, maar ook die dinge wat jy doen. So het Dawid se owerspel met Batseba en moord op Uria byvoorbeeld die vyande van die Here aanleiding gegee om Hom te laster (2 Sam 12:14). Wanneer jy as Christen onchristelik optree mag ongelowiges sê: “As dít is hoe Christene lewe, wil ek nie een wees nie.” Dan is jy die oorsaak dat Christus belaster word!

Die Here jou God se eer en goeie Naam moet vir jou belangrik wees, veral in die lig van hoeveel Hy vir jou gedoen het. Sy Seun het Homself verneder om jou God se kind te maak. Deur sy Heilige Gees woon Hy in jou as sy tempel. Gee daarom aan Hom die eerbied en respek wat Hom toekom.

*Sing: Psalm 86:6 (1936-beryming)* *Ds. JL van der Schyff (Burgersdorp)*

~~~~~~~~~~~~~~~~
~~~~~~~~~~~~~~~~